

## BabaGim<sup>®</sup> en die Wakkermaak Massering

Lynette van Wyk

Vir 'n hele paar jaar het ek as BabaGim Instrukteur reeds die voorreg om mammas touwys te maak met die BabaGim massering. In BabaGim leer ons 2 tipe masserings, een om baba te ontspan en rustig te maak en een om baba op te kikker en wakker te maak (sou baba dalk te rustig of passief voorkom). Dit het egter nog nooit gebeur dat 'n baba sodanig "lui" was dat ons die wakkermaak massering in klas moes toepas nie. Dit het dus bloot teorie gebly en 'n mens het heimlik maar gehoop dat dit 'n mamma hier en daar sou help wanneer baba lui is om te drink, aan die slaap raak en dan minute later weer wakker word omdat baba nie versadig gedrink is nie.

Het ek maar geweet van die BabaGim wakkermaak massering toe ek self 'n eerstekeer mamma was!

Dit was ten seerste my ervaring met my eersgeborene wat, bo en behalwe dat sy reeds twee weke groeivertraag was, vier weke vroeg en onder moeilike omstandighede met 'n noodkeiser in die lewe gebring is. Hanneke, ons baba dogtertjie, was bloot te moeg en te swak om behoorlik te drink en het drink-drink aan die slaap geraak om dan minute later weer wakker te word om verder te drink. Dit was 'n bouse kringloop waarvan ek, 'n oningeligte mamma geen idee gehad het nie en dit doodluiters net aanvaar het. In die kraaminrigting het die dokter gebied dat Hanneke formulemelk aanvullings kry, maar genadiglik het die suster geweier dat dit gebeur. Die konflikterende dreigemente het nie die situasie makliker gemaak nie. Gelukkig was ek lief genoeg vir die ou kleine babatjie om aan te hou en uit te hou en Hanneke is sy self vandag 'n blakend gesonde Mamma.

Meer as 'n kwarteeu later, op 14 September 2014, skenk Hanneke aan ons eerste kleinkind geboorte. Die afstand tussen Port Elizabeth en Gauteng is gou-gou deur Mango verkort en die eerste-keer ouma het soos 'n pro gependel en Gautrein gery om hierdie bondeltjie te kon beleef. Kleine Baba Lily is deur die Here se genade sonder enige pynmedikasie natuurlik gebore en was sommer van die begin af 'n wakker kleinding. Mamma het BabaGim 1 en 2 gedoen en was vasberade om Moeder Natuur se gang te volg. Pappa het elke aand getrou voor badtyd vir Lily gebad en alles het 100% verloop.



Toe Mamma Hanneke egter die eerste keer laat blyk dat Lily aan die slaap raak terwyl sy drink, was die geleentheid daar om vir die eerste keer die wakkermaak massering op 'n baba, en nie 'n pop nie, te oefen. Lily is op die doekruilmatjie gesit om wakker gemasseer te word. Ouma het al haar eienaardige klanke en geluide uitgehaal, die slaperige ou lyfie vinnig en onreëlmatig gemasseer en, siedaar, Lily was so wakker soos 'n rakker en kon haar voeding voltooi!

‘n Mens wens regtig dat alle mammas hierdie basiese kennis eerstehands kan opdoen. Dokters en verpleegpersoneel kan ‘n jong mamma so maklik intimideer en jou laat afwyk van die wonders wat Moeder Natuur bied. Ek hoor omtrent daaglik hoe mammas vir een of ander rede met borsvoeding gesukkel het en opgegee het en dit dikwels so onnodig.

Ek het al hoe meer mammas en pappas wat BabaGim 1 doen en dan reeds vanaf geboorte die basiese massering doen. Wanneer hierdie babas dan met BabaGim 2 begin, kan jy sommer sien hoe ontspanne die lyfie reeds is. Wat my die grootste vreugde verskaf, is om by soveel mammas te hoor hoe die pappas die massering doen. Hulle verweer is dat die mammas borsvoed en dat daar so min oorbly vir hulle om te doen. Wat n wonderlike manier vir pappa om ook eerstehands geleentheid te kry om met baba ‘n band te vorm.

BabaGim bied wonderlike natuurlike metodes vir Mamma en Pappa om ‘n band met Baba te vorm en om baba te ontspan sodat baba rustig en sterk kan drink, beter kan metaboliseer en uiteindelik beter kan slaap. Wanneer die vier dinge in plek is, is baba in ‘n wonderlike posisie om ook ‘n beter brein te ontwikkel. My wens is dat elke mamma en pappa die voorreg kan geniet om tydens swangerskap BabaGim 1 by te woon sodat hul met kennis en vaardighede toegerus is, wanneer hul hul babatjie verwelkom.